

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal



You have Downloaded, yet Another Great
Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za



SA EXAM
PAPERS



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

**GESKIEDENIS P1
FEBRUARIE/MAART 2014
ADDENDUM**

Hierdie addendum bestaan uit 13 bladsye.

**VRAAG 1: HOE HET DIE KUBAANSE MISSIELKRISIS KOUE OORLOG-
SPANNING TUSSEN DIE USSR EN DIE VSA GEDURENDE DIE
1960's VERERGER?****BRON 1A**

Die volgende uittreksel beskryf die USSR-president, Nikita Khrushchev, se redes vir die ontplooiing van missiele in Kuba.

Gedurende 'n vakansie by die Swart See in April, het Khrushchev skielik aan 'n manier gedink om sy internasionale probleme op te los. Sy plan sou die wêreld laat dink dat die Sowjetunie die kernwapen-eweknie van die Verenigde State was, terwyl dit die USSR tyd sou gee om net soveel missiele as wat in die VS se arsenaal (wapenversameling) was, te vervaardig. Met Amerikaanse kernmissiele in gedagte wat uit die NAVO-lidland, Turkye, oorkant die Swart See, op hom gemik was, het Khrushchev besluit om soortgelyke missiele in Kuba te ontplooi. Kernmissiele in Kuba sou nie net keer dat die Verenigde State die kommunistiese eiland aanval nie, maar sou ook die Amerikaners leer hoe dit voel om met kortafstand vyandige kernwapens omring te wees.

'Waarom kon die Sowjetunie nie die reg hê om dieselfde as Amerika te doen nie?' het Khrushchev aan sy vertrouelinge gesê. Dit was 'n aanloklike plan en die Sowjet-leier het gou voorgestel dat dit geïmplementeer word. Khrushchev het besluit dat dit noodsaaklik was dat die projek heeltemal geheim gehou word. Wanneer Kuba ten volle bewapen was, sou dit vir die Verenigde State te laat wees om te reageer. Daar was andersdenkendes (rebelle) in die Sowjet-regering. Die Minister van Buitelandse Sake, Andrei Gromyko, het Khrushchev vermaan, 'As ons kernmissiele in Kuba ontplooi word, sal dit 'n politieke ontploffing in die Verenigde State veroorsaak.' Khrushchev het nie geluister nie. Hy was oortuig van sukses, en het geweier om alternatiewe aksieplanne te oorweeg indien die VS die missiele sou ontdek voordat dit ten volle gereed was.

[Uit: *Thirteen Days/Nines Miles, The Cuban Missile Crisis, 2000* deur N Finkelstein]

BRON 1B

Hierdie bron bestaan uit 'n visuele bron en 'n geskrewe bron oor Amerika se reaksie op die bou van missielterreine in Kuba deur die USSR.

Visuele Bron: Hierdie is koeranthoofopskrifte wat wêreldwyd op 23 Oktober 1962 verskyn het. Dit was nadat president Kennedy 'n blokkade op Sowjet-missiele wat Kuba binnegaan, ingestel het.



New York Mirror
ONS BLOKKEER
KUBA MET
40 OORLOGSKEPE

The New York Times
VS STEL 'N WAPEN-
BLOKKADE OP KUBA IN
MET DIE ONTDEKKING
VAN AANVALSMISSEL-
TERREINE; KENNEDY
GEREED VIR SOWJET-
KONFRONTASIE

DAILY NEWS
ONS BLOKKEER
KUBAANSE WAPENS

Die Geskrewe Bron volg op die volgende bladsy.

Geskrewe Bron: Hierdie uittreksel fokus op die onsekerheid en vrees wat Amerikaners as gevolg van die Kubaanse Missielkrisis ervaar het.

Die dae van die krisis was die mees angswekkende wat baie mense al ooit ervaar het. Die rakke in kruidenierswinkels was leeg gekoop soos mense kos en ander goedere opgegaar het wat hulle sou nodig kry om te oorleef ingeval die bomme sou val. Die regering se burgerlike beskermingsaktiwiteite het daaglikse lugaanvalsoefeninge in skole en elders ingesluit en kinders en volwassenes is geleer hoe om te 'koes en skuil' in geval van 'n kernontploffing. Elke weeksaand, na president Kennedy se toespraak, het mense na Walter Cronkite gekyk, die legendariese (bekende) CBS-ankerman en die stem van die aandnuus vir geslagte Amerikaners. Kykers het lewendige dekking gevolg van die Sowjet-skepe wat by die kwarantynlyn aangekom het. Cronkite het saam met sy kykers gewonder wat ter see sou gebeur terwyl die blokkade voortgeduur het. Die gevaar van oorlog het nader as ooit te vore gelyk.

Die voormalige New Jersey-senator, Robert Torricelli, onthou: 'Die Kubaanse Missielkrisis was een van my mees intense lewenservaringe. Hoe ek televisie gekyk en gewag het vir verslae oor of die Russiese vragskip gaan omdraai. Hoe ek saam met my ouers supermark (winkel) toe is en hulle daardie lys uit die koerante gehad het van die goedere wat hulle in die kelder nodig sou hê indien daar 'n kernoorlog sou wees. My ouers het toe in die kelder 'n batteryradio opgestel, en kampbeddens en slaapsakke, houters om water in te stoor en baie blikkieskos. Ek dink party daarvan was nog in die huis toe ons dit in 1986 verkoop het. Tydens die krisis het baie mense bed toe gegaan en gewonder of hulle nog sou lewe om die volgende sonsopkoms te sien. Nietemin, so bang soos wat baie mense was terwyl hulle die krisis sien afspeel het, het die meeste van hulle waarskynlik nooit besef hoe naby die wêreld aan 'n kernnagmerrie was nie.'

[Uit: *The Cuban Missile Crisis To The Brink Of War* deur P Byrne]

BRON 1C

Die volgende uittreksel is president Kennedy se antwoord op president Khrushchev se brief gedateer 27 Oktober 1962.

Ek het jou brief van 26 Oktober aandagtig gelees en verwelkom jou wens om 'n spoedige oplossing vir die probleem te vind. Die eerste ding wat egter gedoen moet word, is dat werk aan die aanvalsmissielbasisse in Kuba gestaak moet word en alle wapenstelsels in Kuba wat offensief gebruik kan word, buite werking gestel moet word volgens effektiewe Verenigde Nasies-reëlings.

...die eerste stap, laat ek dit beklemtoon, is die staak (beëindiging) van werk aan missielterreine in Kuba en maatreëls om sulke wapens buite werking te stel, volgens effektiewe internasionale waarborge. Die voortsetting van hierdie bedreiging, of 'n uittrek van hierdie gesprek oor Kuba deur hierdie probleme aan breë vraagstukke van Europese en wêreldsekuriteit te koppel, sal beslis tot 'n verskerping van die omstandighede van die Kubaanse krisis lei en 'n ernstige risiko vir wêreldvrede wees. Om hierdie rede hoop ek dat ons spoedig kan saamstem ...

John F Kennedy

[Uit: *Thirteen Days A Memoir Of The Cuban Missile Crisis* deur R Kennedy]

VRAAG 2: HET JULIUS NYERERE SE BELEID VAN UJAMAA TANZANIË GEDURENDE DIE 1960's GETRANSFORMEER?**BRON 2A**

Die bron hieronder bestaan uit 'n geskrewe en 'n visuele bron.


Geskrewe bron: Die volgende is deel van Julius Nyerere se toespraak op 6 Julie 1970 aan die Nasionale Volksraad van Tanzanië. Dit fokus op sy beleid van ujamaa.

Die Arusha-verklaring was en is 'n standpunt oor beide politiek en ekonomie. Hierdie twee aspekte is ewe belangrik en kan nie van mekaar geskei word nie. Want die Verklaring gaan oor hoe ons mensegelykheid in hierdie land 'n werklikheid sal maak, en hoe ons burgers volle beheer oor hulle eie sake sal kry.

Sedert die Arusha-verklaring drie jaar gelede, was ons praktiese klem op die noodsaaklikheid van openbare eienaarskap en beheer oor die ekonomie. Dit was hierdie aspek wat onmiddellike optrede geverg het omdat dit aansienlike veranderinge in die instellings wat voor 1967 bestaan het, meegebring het. Maar die nasionalisering van die banke, die handel, die voedselvervaardigingsaanlegte en die algehele uitvoer- en invoerhandel, maak hierdie land slegs sosialisties indien die nasie deur hulself geregeer word, deur hulle verteenwoordigers wat vrylik verkies is.

[Uit: *Arusha Declaration Parliament* deur J Nyerere]

Visuele Bron: Dit is 'n foto van Julius Nyerere wat op 13 Maart 1964 op die voorblad van *Time*-tydskrif verskyn het.



[Uit: <http://www.time.com/time/covers/0.16641,19640313.00.html>. Toegang verkry op 15 Januarie 2013]

BRON 2B

Hierdie artikel deur M Howe het op 5 Oktober 1970 in *The New York Times* verskyn en is getiteld 'Tanzaniese selfhelpdorpie oorvol'.

Sedert onafhanklikheid in Desember 1961, het president Julius Nyerere probeer om die ekonomiese en sosiale gaping tussen die stedelike minderheid en die geweldig groot landelike meerderheid te oorbrug. Sy beskouings oor landelike ontwikkeling is in April 1962 in 'n opstel, 'Ujamaa – die grondslag van Afrika-Sosialisme' gepubliseer.

Sy regering het verskeie pogings aangewend om te begin om die landelike bevolking in dorpie te hergroepeer om die daarstel van tegniese voortuitgang en moderne noodsaaklikhede, soos drinkwater, elektrisiteit, skole en klinieke te vergemaklik.

Die hoofdryfkrag (motivering) vir die program het in 1967 gekom, toe die regerende party 'n beleid van sosialisme aanvaar het wat op harde werk, selfstandigheid en landbou-ontwikkeling geskoei was. Daar is gesê dat daar ongeveer 1,5 miljoen klein private boere op verspreide plase was wat in die meeste gevalle steeds volgens tradisionele riglyne geboer het.

Die regering en die party het 'n aggressiewe veldtog geloods om die ujamaa-gees te versprei. 'Vooruitgang deur 'n lewe van saamwerk' is die slagsprek by openbare vergaderings. Talle aansporings is tot die beskikking van ujamaa-dorpsgemeenskappe gestel: landbank, krediet, diersorgdienste, gratis saad en kunsmis. Dit het gelyk asof die beweging begin posvat en elke dag het 'n groep aangekondig dat hulle 'n selfhelpdorpie gestig het.

[Uit: *The New York Times*, 5 Oktober 1970]

BRON 2C

Die bron fokus op die mislukking van die beleid van ujamaa.

Maar in ekonomiese terme was die beleid om verskeie redes nie suksesvol nie. Die meerderheid van die mense wou nie op gemeenskaplike plase werk nie omdat hulle tradisioneel op hul eie plase, wat deur hulleself of individuele families besit is, gewerk het. Die mense het nie so hard in ujamaa-dorpie gewerk as wat hulle op hul eie plase gedoen het nie, omdat hulle gevoel het dat die plase nie aan hulle behoort nie, maar aan die gemeenskap. Daar was nie produksie-aansporingsbonusse in ujamaa-dorpie soos wat mens kon verwag wanneer jy op jou eie plaas werk nie.

Solank as wat hulle nie vir hulself wins uit hulle arbeidsbelegging gemaak het nie, sou hulle nie harder werk nie. Inteendeel, miljoene was ongelukkig oor hulle hervestiging in ujamaa-dorpie en daar was in baie gevalle gewelddadige konfrontasies met die owerhede wanneer mense geweier het om na daardie nedersettings verskuif te word.

Die regering het uiteindelik besef dat die beleid nie werk nie. Maar teen daardie tyd was dit te laat. Landbou het so te sê tot stilstand gekom. Soos Nyerere agterna gesê het: 'Jy kan nie dit wat nie tradisioneel is nie, sosialiseer nie. Die shamba (plaas) kan nie gesosialiseer word nie.'

[Uit: *Tanzania Under Mwalimu Nyerere* deur G Mwakikagile]

VRAAG 3: HOE HET DIE BURGERREGTEBEWEGING DIE REGERING VAN DIE VERENIGDE STATE GEDURENDE DIE 1960's UITGEDAAG?**BRON 3A**

Die bron beskryf die filosofie van geweldloosheid wat die Burgerregtebeweging gedurende die 1960's in die VSA gebruik het.

... die Burgerregtebeweging het die taktiek van geweldloosheid gekies as 'n instrument om gewettigde rassitiese segregasie, diskriminasie en ongelykheid af te takel. Om die waarheid te sê het hulle Martin Luther King jr. se rigtinggewende beginsels van geweldloosheid en passiewe weerstand gevolg. Burgerregteleiers het al lankal besef dat voorstanders van segregasie enigiets sou doen om hul mag en beheer oor swartes te behou. Gevolglik het hulle geglo dat daar dalk 'n paar veranderings gemaak kon word indien genoeg mense buite die Suide die geweld wat swartes al vir dekades moes verduur, kon aanskou.

Volgens Bob Moses en ander burgerregte-aktiviste het hulle gehoop en dikwels gebid dat televisie- en koerantverslaggewers die wêreld sou wys dat die primêre rede waarom swartes in so 'n ondergeskikte posisie in die Suide gebly het, die wydverspreide geweld was wat op hulle gemik was. Die geskiedenis het gewys dat daar nie 'n tekort aan geweld was om die media te trek nie.

[Uit: <http://www.mshistorynow.mdah.state.ms.us/articles/>. Toegang verkry 15 Januarie 2013]

BRON 3B

Hierdie bron fokus op die sitstakings wat die burgerregte-aktiviste in die VSA gedurende die 1960's gevolg het.

Die basiese plan van die sitstakings was dat 'n groep studente na 'n middagete-toonbank sou gaan en vra om bedien te word. Indien hulle bedien is, sou hulle na die volgende middagete-toonbank gaan. Indien hulle nie bedien is nie, sou hulle nie roer totdat hulle bedien is nie. Indien hulle gearresteer sou word, sou 'n nuwe groep hulle plek inneem. Die studente was ten alle tye geweldloos en respekvol. Studente in Nashville het 'n paar 'Moets' en 'Moenies' tydens hul sitstakings gehad:

Wees altyd vriendelik by die toonbank. Sit altyd regop en kyk na die toonbank. Moenie terugslaan, of terugvloek indien jy aangeval word nie. Moenie hard lag nie. Moenie gesels nie. Moenie ingange versper nie.

... Hierdie eerste sitstaking het min uitwerking gehad. CL Harris, die bestuurder van die winkel, het van die studente gesê, 'Hulle kan net daar sit. Dit beteken niks vir my nie.' Maar toe 'n groter groep studente die volgende dag terugkeer, het die radio-dienste bewus geraak van die storie, en burgerregte-organisasies het begin om die woord na ander kollegekampusse te versprei. Gordon Carey, 'n verteenwoordiger van die Kongres vir Rassegelykheid ('CORE'), het van New York af gekom om nog sitstakings te reël. Ella Baker van die Suidelike Christenleierskapskonferensie ('SCLC') het studente op baie kollegekampusse gekontak. Binne twee weke het studente in elf stede sitstakings gehou, hoofsaaklik in Woolworths' en SH Kress-winkels. Winkels het begin om kennisgewings in die vensters te sit wat sê: 'GEEN OORTREDERS', 'Ons Behou die Reg om die Publiek na Goeddunke te Bedien' en 'TOE – In die Belang van Openbare Veiligheid'.

[Uit: <http://www.americanhistory.about.com/od/civilrights/Civil-Rights-Movement.htm>. Toegang verkry op 15 Januarie 2013]

BRON 3C

Die uittreksel hieronder fokus op hoe Martin Luther King jr. in Januarie 1965 vir stemreg vir swart Amerikaners in Alabama geveg het.

Op 2 Januarie 1965 het dr. King ... aangekondig dat 'n nuwe, en meer militante, fase van sy burgerregteveldtog in Selma, Alabama van stapel gestuur sou word. Vanaf die stigting daarvan het die Suidelike Christenleierskapskonferensie ('SCLC') daarna gestreef om beide sosiale en politieke regte vir swart Amerikaners te bekom. Op daardie noodlottige dag in Januarie het King gesê, 'Ons vra nie, ons dring aan op stemreg.' Selma was toe onder die jurisdiksie van sheriff James G Clark, 'n geesdriftige, slinkse voorstander van segregasie ... Clark het uiteindelik verplig gevoel om op 1 Februarie 1965 King, saam met 770 ander betogers, te arresteer. Teen 3 Februarie het Clark nog 500 betogers gearresteer. Op 6 Maart het dr. King 'n oproep gedoen vir 'n optog vanaf Selma na Montgomery om die stemregveldtog tot by die trappe van die staatskongresgebou te vat.

[Uit: *A Testament of Hope – The Essential Writings And Speeches Of Martin Luther King, Jr.* deur JM Washington]

BRON 3D

Die bron bestaan uit 'n geskrewe en 'n visuele bron van die Selma-na-Montgomery-optogte.

Geskrewe Bron: Hierdie bron fokus op die Selma-na-Montgomery-optogte op 7 Maart 1965.

Vroeg in 1965 het hy (Martin Luther King jr.) 'n optog deur Selma, Alabama, georganiseer. Slegs 2,4% van Selma se swartes was geregistreer om te stem en die dorp was berug vir sy gewelddadig rassistiese sheriff, Jim Clark. Die owerhede het die beplande optog verban. Maar op 7 Maart het ongeveer 600 mense voortgegaan met die optog (sonder King). Hulle is wreedaardig aangeval. Die media het dit 'Bloedige Sondag' genoem. King het probeer om die druk vol te hou en die optog herskeduleer. Maar hy het op 11 Maart 'n kompromis aangegaan deur 'n simboliese optog te lei. Dit het na 'n kort entjie omgedraai.

King se kompromis het meer geweld voorkom. Dit het die meer radikale swart aktiviste kwaad gemaak, maar King se selfbeheersing (selfdisipline) het waarskynlik gehelp dat president Johnson in 1965 die Stemregwet ('Voting Rights Bill') kon deurvoer. Dit is uiteindelik deur die Kongres aanvaar en het in 1968 wet geword.

[Uit: *Modern World History* deur B Walsh]

Die Visuele Bron volg op die volgende bladsy.

Visuele Bron: Dit is 'n uitsig uit die lug van die burgerregte-aktiviste wat op 7 Maart 1965 oor die Edmund Pettus-brug geloop het tydens die optog vanaf Selma na Montgomery, Alabama.



Duisende burgerregte-aktiviste loop oor die Edmund Pettus-brug.

[Uit: <http://www.loc.gov/exhibits/civilrights/images/cr0028s.jpg>. Toegang verkry op 15 Januarie 2013]

VRAAG 4: HOE HET DIE FILOSOFIE VAN SWART BEWUSSYN DIE STUDENTE VAN SOWETO IN 1976 BEÏNVLOED?**BRON 4A**

Die volgende bron bestaan uit twee uittreksels oor die filosofie van Swart Bewussyn.

Uittreksel 1: Hierdie uittreksel fokus op die opkoms van die filosofie van Swart Bewussyn.

Swart studente was nie meer tevrede met NUSAS nie en het in 1969 'n uitsluitlik swart studenteliggaam, die Suid-Afrikaanse Studente-organisasie (SASO) gestig. In die toestand van wrede onderdrukking wat gevolg het op die verbanning van die ANC het 'n leemte ontstaan in die sfeer van georganiseerde weerstand teen wit heerskappy. SASO, wie se meeste leiers en lede nie vertrou was met die geskiedenis en beleidsrigtings van die ANC nie, het begin om hierdie leemte te vul. Hulle het 'n ideologie ontwikkel wat as Swart Bewussyn bekend geword het.

Voorstanders van Swart Bewussyn het die behoefte aan sielkundige bevryding beklemtoon. Hulle het gesê dat die jare van onderdrukking veroorsaak het dat swart mense selfvertroue verloor het en gevoelens van minderwaardigheid ontwikkel het. Hulle het daarop aangedring dat swartes nie in dieselfde politieke, sosiale en kulturele organisasies as wittes moet werk nie. Swartes moet hul eie organisasies ontwikkel, het hulle gesê, met 'n eksklusiewe swart leierskap en lede, vry van die verstikkende (ondraaglike) invloed van wit liberaliste wat geneig was om veelrassige organisasies te oorheers.

[Uit: *Foundations Of The New South Africa* deur J Pampallis]

Uittreksel 2: Hierdie uittreksel beskryf die African National Congress (ANC) se evaluering van die Swartbewussynsbeweging (SBB).

Dit is 'n positiewe bydrae wat ons moet erken en waaraan ons hulde moet bring. Ons moet ook die belangrike inset erken wat die SBB gelewer het om die onderdrukte swart massas van ons land nog verder te verenig, deur die eendersheid van hul onderdrukking en hulle gedeelde lot te beklemtoon. Hierdie siening is op politieke standpunte gebou waarvoor ons beweging lank geagiteer (ondersteuning werf) en geveg het. Ons moet nietemin steeds ons waardering uitspreek vir die bydrae wat die SBB in hierdie verband gemaak het. Terselfdertyd moet ons ook die beperkinge van hierdie beweging herken wat ons stryd as rassisties beskou het en die hele wit bevolking van ons land as 'deel van die probleem' beskryf het.

[Uit: *Foundations Of The New South Africa* deur J Pampallis]

BRON 4B

Hierdie bron bestaan uit beskrywings deur Murphy Morobe en Seth Mazibuko oor hoe die filosofie van Swart Bewussyn hulle beïnvloed het.

Murphy Morobe se beskrywing: Morobe was 'n student by die Morris Isaacson Hoërskool in Orlando, Soweto en 'n prominente lid van SASB en die verbode ANC.

Ek het meer bewus geword van die omstandighede van swart mense in hierdie land en hierdie township. Ek kon dorp toe gaan, ek kon die kontras, die verskille en alles wat vroeë by my laat ontstaan het, sien. Onder ons was ons besig om 'n sterk gevoel te ontwikkel om meer idees oor bevrydingstryde te ontdek, nie net in hierdie land nie, maar ook wat in ander gebiede plaasgevind het.

Daar was altyd 'n lys van gepubliseerde boeke wat verbied is en vir ons het dit beteken dat wat ook al deur die regering verbied word, iets goed moes wees en dit was deel van ons avontuur as jongmense om werklik aktief na daardie boeke te gaan soek. Die 1970's was nie lank na die groot studenteopstande in Europa, Frankryk en die Burgerregtebeweging en die Swartmagbeweging in die Verenigde State nie. 1974 was, natuurlik, die jaar van die Portugese nederlaag in Mosambiek en Angola en, toe dit gebeur, dink ek was dit 'n groot hupstoot vir ons.

[Uit: *Soweto A History* deur P Bonner en L Segal]

Seth Mazibuko se beskrywing: Mazibuko was 'n student by die Phefeni Hoërskool in Orlando, Soweto. Hy was 'n prominente leier van die 1976 Soweto-studente-opstande.

'... die beginsel van Swart Bewussyn, soos "Wees swart en trots, sluit geledere en weg", "Swart man, jy is op jou eie", het iets in ons almal gebou. Dit kon vir ons sê, "Staan op. Bied weerstand!" SB het 'n lewenswyse geword. Dit het die jeug van daardie tyd aangegryp. Dit het gekom om 'n persoon wat in hierdie beswyming van vrees was, te genees.'

[Uit: *Soweto A History* deur P Bonner en L Segal]

BRON 4C


Die volgende bron bestaan uit 'n geskrewe en 'n visuele bron oor die Soweto-opstande van 1976.

Geskrewe Bron: Die bron beskryf die redes vir die studente se optog in Junie 1976 na die Orlando-stadion, Soweto.

Die afdwing van Afrikaans as 'n onderrigmedium het op 'n onstabiele tydstip plaasgevind, aangesien die 'swartepunt' van swart studentepolitiek dramaties in die middel-1970's verskuif het. Die opkomende Swartbewussynsfilosofie was besig om die manier waarop jong swart mense gedink het, te transformeer (verander), en dit het hulle selfbeeld 'n hupstoot gegee. Die instelling van Afrikaans het hierdie verandering in die wiele gery. Volgens Biko, het die ingewikkelheid daarvan om 'n vreemde taal in skole baas te raak, 'n 'minderwaardigheidskompleks' veroorsaak. Hy het bygevoeg dat die taalprobleem 'n 'gevoel van ontoereikendheid (hopeloosheid) by baie swart studente gekweek het. Jy is geneig om te dink dat dit nie net 'n kwessie van taal is nie. Jy is geneig om dit met intelligensie te verbind'.

Vir hierdie geslag swart studente was Afrikaans die taal van die polisie en hul werkgewers, en 'n instrument om bevele mee te gee. Hulle het geglo dat die afdwing van Afrikaans ontwerp was om hulle as knegte op te lei. Afrikaans was ook, soos een student dit gestel het, 'n vreeslike akademiese pyn'. 'Die kinders het in hul duisende eksamens gedruip,' het 'n joernalis onthou. Dit was omdat Wiskunde, Wetenskap en ander vakke vir baie jare in Engels onderrig was. Die skielike verskuiwing na Afrikaans het daartoe aanleiding gegee dat studente gesukkel het om die vaktaal en die tegniese terme te verstaan.

[Uit: *Soweto – Black Revolt White Reaction* deur J Kane-Berman]

Visuele Bron: 'n Foto toon betogende studente in Soweto in Junie 1976.

VERNIETIG BANTOE-ONDERWYS

[Uit: *Through My Lens: A Photographic Memoir* deur A Kumalo]

ERKENNINGS

Visuele bronne en ander geskiedkundige bewyse is uit die volgende bronne geneem:

- Bonner, P et al. 1998. *Soweto A History* (Maskew Miller Longman, Kaapstad)
- Byrne, P. 2006. *The Cuban Missile Crisis – To The Brink Of War* (White-Thomson Publishing, Minneapolis)
- Finkelstein Norman H. 1994. *Thirteen Days/Ninety Miles: The Cuban Missile Crisis* (Simon and Schuster, New York)
- <http://www.americanhistory.about.com/od/civilrights/Civil-Rights-Movement.htm>
- <http://www.loc.gov/exhibits/civilrights/images/cr0028s.jpg>
- <http://www.mshistorynow.mdah.state.ms.us/articles/>
- <http://www.time.com/time/covers/0.16641,19640313,00.html>
- Kane-Berman, J. 1978. *Soweto – Black Revolt White Reaction* (Ravan Press, Johannesburg)
- Kennedy, R. 1969. *Thirteen Days A Memoir of the Cuban Missile Crisis* (WW Norton & Company, Inc. New York)
- Kumalo, A. 2009. *Through My Lens: A Photographic Memoir* (NB Publishers, Kaapstad)
- Mwakikagile, G. 2006. *Tanzania Under Mwalimu Nyerere – Reflections On An African Statesman*, (New Africa Press, Dar-es-Salaam, Tanzanië)
- Nyerere, J. 1970. *Arusha Declaration Parliament*
- Pampallis, J. 1991. *Foundations of the New South Africa* (Maskew Miller Longman, Kaapstad)
- The New York Times* (5 Oktober 1970-uitgawe)
- Walsh, B. 1996. *Modern World History* (John Murray)
- Washington, JM. 1986. *A Testament of Hope – the Essential Writings and Speeches of Martin Luther King, Jr.* (Harper Collins Publishers, New York)